**AAN ALLE GEAFFEKTEERDE PERSONE**

**10 JUNIE 2013**

Geagte Meneer/Me.

**HIGHVELD SYNDICATION 15 - 22 BEPERK (“ALMAL ONDER ONDERNEMINGREDDING”)**
**("DIE HS-MAATSKAPPYE")**
**NUUSFLITS OOR DIE ONDERNEMINGREDDINGSPROSES DEUR DIE ONDERNEMINGREDDINGSPRAKTISYN (“ORP”)**

1. Die ondernemingreddingsproses ten opsigte van die HS-maatskappye gaan voort, maar dit blyk nodig te wees om geaffekteerde persone en belanghebbende partye te herinner aan die aanloop tot die gebeure, en om sekere kwessies duidelik te maak wat reeds deur baie maande se korrespondensie oorgedra is.
2. Dit blyk dat sekere individue wat hulleself as “kenners” voordoen voortdurend kwaadwillige leuens versprei (waarop die media dikwels voortborduur) in ’n poging om skynbaar hul eie versteekte agendas te bevorder.
3. Die HS-maatskappye is in September 2011 onder ondernemingredding geplaas ná ’n dispuut tussen Zephan Properties (Eiendoms) Beperk (“Zephan”) en Bosman & Visser (Eiendoms) Beperk (“B&V”), nadat die Suid-Afrikaanse Reserwebank (“SARB”) in September 2008 ondersoekbeamptes aangestel het om die bedrywighede van Pickvest Syndications (Eiendoms) Beperk (“Pickvest“) te ondersoek. Zephan het die ooreenkomste met B&V – en gevolglik die hoofhuurooreenkoms tussen hulle en die HS-maatskappye – gekanselleer ná ’n dispuut tussen B&V en Zephan oor betaling vir eiendomme en aantygings dat B&V “banksake bedryf”.
4. Beleggers moet in gedagte hou dat die wolk van die SARB-ondersoek al sowat 3 jaar vóór die ondernemingredding van die HS-maatskappye oor hierdie groep – en oor die hele eiendomsindikasiebedryf – gehang het.
5. As gevolg van die B&V-dispuut en ander probleemkwessies in Pickvest, het die HS-maatskappye hulleself in ’n posisie bevind waar hulle van vroeg in 2011 af nie in staat was om rente aan hul beleggers te betaal nie.
6. Gevolglik was daar ’n goeie kans dat B&V – en op hul beurt die HS-maatskappye – gelikwideer kan word, wat katastrofiese gevolge vir beleggers in die HS-maatskappye sou hê.

7. In Maart 2011, sowat ses maande voordat die skrywer hiervan as die Ondernemingreddings-praktisyn ("ORP") betrokke geraak het by die HS-maatskappye se sake, het al die belanghebbers 'n vergadering gehou en op 'n oplossing besluit. Volgens hierdie plan sou beleggers teen 'n verlaagde koers rente ontvang en hul volle kapitaal ná 5 jaar via 'n nuwe entiteit, Orthotouch Beperk ("Orthotouch"), terugkry. Die plan was onderhewig aan aandeelhouertoestemming.
8. Die Ooreenkoms is nie verwesenlik nie weens vertragings wat die proses om aandeelhouer-toestemming te kry belemmer het. 'n Aansoek is ingedien om HS19 te likwideer, en aangesien die hele HS-groep gevaar geloop het om gelikwideer te word, is die HS-maatskappye onder ondernemingredding geplaas, en die skrywer is formeel aangestel as die ORP.
9. Die ORP het kragtens die betrokke bepalings van die Maatskappywet, 2008 (Wet 71 van 2008) ("die Maatskappywet") wat betrekking het op ondernemingredding baie min tyd ontvang om die saak te ondersoek en 'n Ondernemingreddingsplan ("die Plan") voor te lê.
10. Die skrywer het dus die hulp van die prokureur wat die HS-maatskappye verteenwoordig, mnr. Connie Myburgh, die Nie-uitvoerende Direkteurs, mnre. Des Hudson en F.P. van Outshoorn, die Uitvoerende Direkteure, mnre. Morkel Steyn en Ben Van Der Linde, en 'n Krediteurekomitee wat uit finansiële adviseurs en beleggers bestaan, ingeroep.
11. Die skrywer het met hierdie partye se hulp daarin geslaag om 'n nuwe ooreenkoms met Orthotouch te onderhandel en die Plan op 30 November 2011 te publiseer. Die Plan is op 14 Desember 2011 deur die oorgrote meerderheid aandeelhouers in al die HS-maatskappye goedgekeur.
12. Hoewel 'n aantal probleme ervaar is, is rentebetalings tot op hede volgehou – nie net van die Plan se inwerkingstellingsdatum af nie, maar van die oorspronklike ooreenkoms met Orthotouch se datum in Maart 2011 af. Buiten HS22, is rentebetalings slegs 1 maand agterstallig, en alles word in die stryd gewerp om die agterstalligheid in die nabye toekoms te delg.
13. Daarby het die batewaarde van die HS-maatskappye verbeter ten spyte van die genoemde probleme, en Orthotouch werk daaraan om sy doelwit – om rente te betaal en kapitaal terug te betaal – te bereik.
14. Vandat die skrywer by die HS-maatskappye se sake betrokke geraak het, het dit geblyk dat verskeie persone al van vóór die Orthotouch-transaksie af volhou met pogings om die HS-maatskappye se likwidering te bewerkstellig. Hierdie individue het duidelik ten doel om die bates van die HS-maatskappye op enige wyse deur likwidateurs in die hande te kry, sonder om die geweldige verlies wat dit vir beleggers sal inhou in ag te neem.
15. Hoewel daar gehoop was dat die formele aanvaarding van die Plan sulke pogings sou gefnuik het, blyk dit nie die geval te wees nie. Trouens, hoe nader Orthotouch daaraan kom

om HS-beleggers se probleme op te los, hoe meer intens en onderduims raak hierdie groep se pogings.

16. Dit is ’n bekende beginsel in ons wetgewing dat ’n direkteur in die belang van ’n maatskappy en sy belanghebbers moet optree, en nie noodwendig slegs die doelwitte van die aandeelhouer/s wat hom aanstel nie. Daar was beskuldigings dat die skrywer botsende belange het, aangesien hy as 'n direkteur van Orthotouch én as die Ondernemingreddingspraktisyn dien. Dit is heeltemal onwaar, aangesien Orthotouch se doelwitte perfek by die doelwitte wat in die Plan uiteengesit is, pas. Hierdie verdagmakery kom van die mense wat hierbo genoem is, wat die Plan wil laat ontspoor om hul eie doelwitte te bereik.
17. ’n Kommerwekkende verwikkeling wat onlangs kop uitgesteek het, is dat sekere mense wat aanvanklik met die ORP en mnr. Connie Myburgh geskakel het, nou onder diegene tel wat dreigemente maak en die proses probeer kelder. Party van hierdie persone kom geloofwaardig voor danksy die posisies wat hulle voorheen beklee het en die rol wat hulle in die verlede gespeel het. Ons beskou hulle egter glad nie as geloofwaardig nie!
18. Die doel van hierdie brief is:

18.1. om beleggers gerus te stel dat alles in die stryd gewerp word om hul belange te dien en om die doelwitte van die Plan wat aanvaar is, te bereik;

18.2. om beleggers teen die genoemde individue se advies te waarsku, aangesien hulle (ten spyte van wat hulle voordoen) nie beleggers se welstand op die hart dra nie, maar hulleself probeer verryk; en

18.3. om aan beleggers voor te stel dat hulle, indien hulle genader word, hierdie individue moet vra waarom hulle aantygings maak en kwessies ophaal waarvan hulle al vóór die Ondernemingredding geweet het.

19. Beleggers word vriendelik versoek om enige navrae in hierdie verband skriftelik aan ons te rig.

Die uwe

**J F KLOPPER**
**Ondernemingreddingspraktisyn: Highveld Syndication-maatskappye**